SAGGÉÜS

Baie dankie, Broer Vayle. En ek het opgelet die mense is net somtyds ’n bietjie, jy word skuins gedraai, as jy net wil omdraai, ek sou dit net doen. Draai net julle stoele om, sodat ons almal na mekaar kan kyk. Dis goed.

2 Soos die broer pas gesê het dat ek aan een organisasie behoort: die Christen Sakemanne se organisasie; Ek het net toevallig vir hom my kaart van die gemeenskap gewys, so julle weet hoe ek aan die Christen Sakemanne dink. Dis die enigste organisasie waaraan ek behoort, want ek dink hulle het iets wat ons almal in gemeen het: Christus.

3 Ek wil julle gawe groep mense hier groet vanmôre. En eergisteraand, het ek met julle president, Demos Shakarian gepraat, wat ’n innige boesemvriend van my is, en hy stuur spesiale groete aan ieder en elk van julle van die takke om die wêreld. En hy het my net geroep om so gou as wat ek kon, van Afrika af terug te kom na—na Stuttgart, Duitsland, waar hulle nou terughou, om te kyk of ons kan, of, om hulle aandspreker te wees. En hy stuur ’n—’n—’n spesiale uitnodiging aan al julle mense, vir die diens wat gehou moet word in Filadelfia, die, vanaf die dertigste, dink ek is dit, van Junie, tot die vierde van Julie in Filadelfia, daar, as die Here wil, moet ek weer vir hulle preek by hierdie groot konvensie in Filadelfia Saal, dink ek is dit, Ek’s nie seker nie, maar julle word almal uitgenooi om te kom.

4 En nou, dis so ’n voorreg om voor so ’n lieflike groep mense te staan. En ons besef nie dat wat kon gebeur reg by ’n ontbyt soos hierdie, vanmôre nie. Om die wêreld, het ek gepraat vir die Christen Sakemanne, Los Angeles, partymaal het ons omtrent ’n duisend by die ontbyt, wat ek die voorreg gehad het om baiekeer te preek. Ek het die blindes sien opstaan met hulle sig, die kreupeles wegstap, en honderde van—van mense, sakemanne, dokters, prokureurs, kritici het ingekom, val net reg onder die krag van God, en net ’n . . . Julle het iets, menere!

5 Nou onthou, daar’s een ding, ons is almal hierbinne van—van een geloof vanmôre, hier is wat ons het: Ons het iets in gemeen, maar ons moet weet hoe om dit te gebruik. Sien? Dis soos ’n geweer wat goed is om mee te jag, maar jy moet weet hoe om dit te gebruik. So dis hoe die Evangelie is. So laat ons dit gebruik tot die eer van God, om elke siel in die Koninkryk te kry wat ons weet hoe om in die Koninkryk in te kom.

6 En nou, mag God hierdie groepie seën wat hier vergader, en net aanhou om hierdie ontbyte te hê, en, bo alles, hou dit geestelik. Moet nooit daardie Gees laat sterf nie. Sing daardie

outydse liedere, klap julle hande, prys die Here. Dis hoe jy moet hou . . .

7 Ek's 'n Suidelike, ek—ek's emosioneel, ek kan vir julle bewys enigiets sonder emosie, is dood. En as jou godsdiens nie 'n bietjie emosie daarin het nie, beter jy dit begrawe, en een kry wat het, dis dood. So ons moet emosie hê. Jesus het gesê: "As hulle stilbly, sal die klippe onmiddellik uitroep."

8 Iets, lewe en dood kan nie saam bestaan nie. Waar Christus kom, het Hy nooit 'n begrafnis gepreek in Sy hele lewe nie, want die dood kan nie rondstaan waar die Lewe is nie, hulle het opgestaan uit die dood. Wanneer Hy in 'n groep mense inkom, kom daar lewe, want Hy is Lewe. En ons het Hom lief vanmôre, oppermagtig met ons hele hart, en ons offer aan Hom in hierdie klein dienste die einste aanbidding van ons harte, dat ons Hom waarlik liefhet. En dis klein dienste soos hierdie . . .

9 Verskoon my. ['n Broer maak 'n aankondiging oor 'n motor wat verwyder moet word—Red.] Dit laat my skoon. Maar dit kan wees dat dit nie ons groep hier nie, dit kan iemand op die onderste vloer wees wat besoek, of enigiets, net hulle motor ingetrek het. So ons waardeer egter dat die broers dit doen, sodat niemand ongerief verduur wanneer hulle—hulle vertrek nie.

10 Dit is waar ek my vreugde het, kry net 'n groep . . . Julle ken die ou Suidelike uitdrukking: "Voëls van eenderse vere"? Ek's so bly om vere te hê soos hierdie voëls hier vanmôre. Daar's net iets wat . . .

11 Dis nie enige genesingsdiens nie, die genesingsdiens, jy's onder daardie spanning van, goeiste, die salwing, en wanneer ek in die kamer ingaan in die middag, en daar alleen bly by God, en uitkom. Dan moet jy dophou, want Satan is—is 'n ware vyand, en hy's gereed op enige tyd om te verwar, en so moeg soos ek nou is, kan dit maklik wees om verwar te word. Maar wanneer jy hiernatoe kom, kan jy net voel asof jy vyftig myl elmboog-ruimte het, jy kan net rondsit, en 'n lekker tyd hê. Kyk na al julle gesigte, en sien die glimlagte, en die—die vreugde, en die Teenwoordigheid van Christus, wel, dis net 'n—'n ware geestelike, gastronomiese jubelfees vir my, net om bymekaar te kom om dit te hoor.

12 En julle hoor daardie sang, ek hou van daardie goeie, outydse sang, as daar enigiets is waarvan ek hou, is dit sang. En ek, as daar enigiets is wat ek—ek haat, is 'n oor-opgeleide stem, julle weet, een van daardie soorte wat uithou totdat hulle blou word in die gesig, en kyk hoe lank jy jou asem kan ophou, en weer afkom. Hulle sing nie tot die eer van God nie, hulle sien hoe lank hulle hulle asem kan ophou.

13 Ek dink daar's niks mooier as goeie, outydse, Pinkstersang in die Gees nie, sing net in die . . . God van die Heerlikheid, dis reg. As jy nie 'n wysie in 'n steenkool-emmer kan hou nie, sing net, in

elk geval, maak 'n vreugdevolle geluid vir die Here. Daar's niks formeel hieraan nie, en God is sonder vorm, dis wat die Bybel sê. So Hy het nie formele mense nie, Hy het 'n informele volk, oral, die Gees wat enigiets doen. O, ons is so bly daaroor!

14 En nou, in hierdie komende dienste, vertrou ek . . . Ek wil dit sê met alle opregtheid, want ek besef daar's mense hier van verskillende plekke, maar ek het nog nooit, vandat ek New York verlaat het, ooit 'n aand gehad, waar daardie geloof net die eerste keer, die eerste diens, daar was om dit te trotseer, soos ek in hierdie stad het nie. Goed. Gebed is hier iewers gedoen, ek weet nie waar dit was nie, maar iemand het met die Here gepraat.

15 Ek waardeer die broertjie wat vanmôre daar gelei het in gebed, wat die getuienis gegee het. Sodra die man opgestaan het en met die Here gepraat het, het ek gesê: "Hy het al voorheen met Hom gepraat." Almal weet met Wie hy gepraat het, en dis goed.

16 Siele wen, die grootste ding. En broers, ons is aan die endtyd, ons is—ons is hier aan die einde van die pad, jy—jy's gered, en ek glo jy gaan Hemel toe, dis waar, maar jy sal nooit 'n geleentheid hê soos jy nou het nie. En die ewigheid wat gaan kom, wat as jy geweet het dat as jy die geleentheid gehad het om terug te kom as 'n sterfling om een of ander getuienis te gee, nadat jy daar voor Hom was, en sien hoe lieflik Hy is? Dit sal wees—dit sal dan te laat wees. Laat ons dit nou doen, terwyl ons die geleentheid het. Laat ons op wees, dag en nag.

17 'n Tyd gelede onder in die suideland, was daar 'n ou neger, en een aand by 'n ou plantasiediens, waar hulle hulle aandete sou hê . . .

18 Nou, natuurlik, ek reken dis middagete vir julle almal hierbo. Sien? Jy het jou middagete in die aand, jy het net . . . Voel asof ek dan tuis is. Wanneer jy van daardie *middagete* praat, voel ek—ek asof ek 'n maaltyd gemis het. Ons het ontbyt, middagete, en aandete. As ek . . . As—as aandete my middagete is, wanneer kry ek dan my middagete? Sien? So ek . . . Hierdie . . . En julle weet, ons is reg in dit, mense. Ons is beslis, want dit was die Here se Nagmaal, nie Sy *middagete* nie, julle weet, so ons is reg.

19 So toe, daaronder het hulle 'n aandete gehad op die ou plantasie, en daar was 'n—'n ou neger, wat sy lewe vir die Here Jesus gegee het.

20 Daarna, sê ek vir jou, is dit wonderlik om hulle te hoor, wanneer hulle daardie ou—outydse liedere sing van . . . en dis so 'n melodie soos hierdie, soos hierdie:

> Ek sal opstaan en gaan na Jesus;
> Hy sal my in Sy arms omhels.

21 Het julle al ooit so 'n melodie gehoor? Wel, dis hoe hulle dit sing. Maar, o, goeiste, die—die Gees is daar, ja, dis uit hulle hart.

22 En op so 'n plek, is hierdie ou neger gered. En die volgende oggend, was hy uit om die mense te vertel dat hy—hy gered is, en hy vry was. Nou, hierdie was gedurende die slawerny. En hy het gesê. . . En dit het die—die plantasie eienaar se ore bereik, so hy het uitgegaan na hom toe, hy het gesê: "Mose, wat is hierdie wat ek hoor, wat jy, vanmôre onder die slawe sê, dat jy vry is?"

Gesê: "Ja, baas." Gesê: "Ek's vanmôre vry."

Gesê: "Kom na die kantoor toe, Mose." En hy het na die kantoor toe gegaan, hy het gesê: "Sit." Hy het gesê: "Mose, wat het jy gesê was jy?"

23 Hy het gesê: "Baas, wel, ek's steeds jou slaaf, maar," gesê: "ek's vry van die wet van sonde en dood. Christus het my gisteraand vrygemaak by 'n ou klein diensie."

En hy het gesê: "Mose, bedoel jy dit regtig?"

Gesê: "Ja, ek bedoel dit, baas."

24 Hy het gesê: "Wel, Mose, ek gaan af om die vrystelling te onderteken vanmôre, ek sal jou vrystel as 'n slaaf. Preek jy . . . die Evangelie aan jou broers." Hy het gesê: "Ek is ook 'n Christen." Gesê: "Gaan onder jou broers en verkondig die Evangelie."

25 Na jare van diens, het die ou neger tot sy dood gekom. Baie van sy wit broers het vergader om hom te sien—te sien en sy hande vir die laaste keer te skud. En hy het in 'n koma gelê, en naderhand het hy wakker geword, omgekyk, en hy het gesê: "O, is ek weer terug op die aarde?"

En hulle het gesê: "Mose, waar was jy?"

26 Hy het gesê: "O, ek het pas by die deur ingekom!" En gesê: "Ek het gekyk, en ek het Hom gesien." En hy het gesê: "Hierdie ou swartman se hart was so opgewonde, ek wou nooit weer hiernatoe terugkom nie." En hy het gesê: "Terwyl ek daar gestaan het," gesê: "was daar 'n Engel wat nadergestap en vir my gesê het: 'Mose, kom hiernatoe, ek wil vir jou jou kleed, en jou kroon gee.'"

Hy het gesê: "Moenie met my praat oor kleed en kroon nie, ek wil geen kleed en kroon hê nie."

Gesê: "Wat begeer jy dan, Mose, vir daardie lang lewe, en die diens wat jy gelewer het?"

Gesê: "Laat my net na Hom kyk vir 'n duisend jaar."

27 Ek dink dis die gevoel van ons almal. Dit is nie die belangstelling van ons geld, en ons besighede, of wat ons doen, of die getuienisse wat jy gee, meneer, laat my net na Hom kyk. Dis wat ek verwag om eendag te doen, opkruip na Sy voete, daardie kosbare voete soen, wat vir my gemerk is, laat ek 'n rukkie na Hom kyk. Ek wil nie 'n herehuis hê nie, net 'n hoek, iewers waar ek gemeenskap kan hou met julle broers.

28 Hier gesit en kyk vanmôre, en ek het oorkant na hierdie jongmense gekyk, lieflik! Ek het gevra oor 'n jong paartjie hier

wat pas, onlangs getroud is, en Broer Sweet het vir my gesê hulle is aan die brand vir God.

29 Ek het 'n ouer man opgelet, party van julle gryskoppe, waarskynlik ouer as ek, wat die Evangelie gepreek het toe ek 'n seun was. Ek het aan myself gedink, terwyl ek net geëet het, geluister het na verskillendes wat praat, "Wonder of hierdie ons laaste keer is om te ontmoet soos hierdie op aarde." Kan wees, julle weet, maar dit is nie ons laaste ontmoeting nie.

30 Ek dink party van julle manne was hierbuite op die hoek, om die Evangelie te preek, en 'n ou kitaar te slaan, in die tronk gegooi en uit die stad gejaag om presies daardie rede, besig om die pad gelyk te maak waarop ek nou glad kan hardloop. Julle is die mans wat geëer behoort te word, julle is die vroue wat geëer behoort te word, dit behoort julle hierbo te wees, en nie ek nie. Toe ek 'n sondaar-seun was, daarbuite op 'n perd, probeer kyk het wie 'n bokspring perd die langste kan ry, of kalwers haak, of iets, was jy op die hoek besig om Evangelie te preek, ek het perdewedrenne gehou.

31 Julle is die mans, vroue wat die eer verdien, julle behoort hier te staan. Maar julle het 'n pad gebaan, dat ek agterna kan kom. Sien? Ek sal julle weer ontmoet, broer en suster, dit mag dalk nie nog 'n ontbyt wees nie, maar daar sal 'n tyd wees wanneer daardie groot Bruilofsmaal uitgesprei sal word oorkant oor die lug, julle sien, en wanneer ons daar kom, sal anders wees.

32 Wanneer ek oor die tafel kyk en julle mans en vroue sien, sal daar ongetwyfeld 'n traantjie van vreugde teen ons wange afloop, soos ons mekaar se hand skud: "Ja, Broer Branham, ek was by Bangor diens daardie oggend."

"O, ek onthou jou. O, hier's *So-en-so*."

33 En ons wat daar sit en huil, ek kan net die Koning sien uitkom in Sy heerlikheid, afstap in die ry, al die trane van julle oë afvee, sê: "Moenie huil nie, kinders, dis nou alles verby, julle is Tuis. Gaan in die vreugdes van die Here in, wat voorberei is vir jou vanaf die grondlegging van die wêreld." Dis die dag waarna ek uitsien.

34 Ek's julle broer, ek's hier om julle te help, en sit my skouer aan die wiel om die vrag wat jy aan die rol het, die pad af te stoot en die weg te baan. God seën julle nou.

Laat ons nou ons hoofde net 'n oomblik buig vir gebed.

35 Genadige God, dis so 'n voorreg om na U toe te kom, om in hierdie Goddelike Teenwoordigheid in te kom, waar die eenhede, en die gawe, en die bewegings van God se Heilige Gees werk onder Sy dierbare kinders. En hier is ons, vandag, wat hier sit as miskien vreemdelinge vir mekaar, maar ons is nie vreemdelinge nie, ons is medeburgers van die Koninkryk. Ons is

reisigers en vreemdelinge vir die aarde, maar ons is burgers van U Koninkryk. Eerste ontmoeting, maar geliefdes in die Here.

36 Ons wil vra dat U ons saam sal seën. Gaan voort met hierdie Gees, Here, mag Dit nooit wegsterf van die mense nie. Mag elke prediker geseën word, en elke werker, elke lidmaat van die lekedom, mag daar siele gebore word. Ons het U lief, Vader, en ons harte brand net, wanneer ons U kosbare Naam hoor, om hierdie ou liedere van die verlostes te hoor.

37 Ons vra nou dat U ons poginkie sal seën in die stad. O God, begin 'n outydse herlewingsvuur in elke kerk en elke hart. Roep die Uitverkorenes, Here, uit die potspelkamers, en die dobbelplekke, en uit die plekke van ontug uit, en van die strate af, in die Koninkryk in. Genees U arme, lydende kinders, Here; verklaar U Teenwoordigheid en liefde aan hulle.

38 Seën die Woorde wat ons nou sal lees, en mag ons gemeenskap hou rondom die voorlesing van die Woord. Want ons vra dit, in die Naam van die Here Jesus, ons Verlosser. Amen.

39 Net vir 'n teksie, en ek weet ons kan dit nie te lank hou nie, maar ek wil graag met julle praat net oor 'n klein onderwerpie, of 'n dramatjie, as ek julle aandag vir 'n paar oomblikke kon kry, en dit word gevind in die Boek van Lukas, 19de hoofstuk, die 4de vers:

> *En hy het vooruit gehardloop, en in 'n wildevyeboom geklim sodat hy hom kon sien: want hy sou daarlangs verbygaan.*

40 Dit moes 'n verskriklike nag vir die kêreltjie gewees het, hy kon nie rus nie, hy sou rondrol van een kant na die ander kant van die bed, want hy—hy het toevallig in 'n vreemde dag gelewe, baie vreemd, want die kerk en die Boodskap wat uitgegaan het, het gebots.

41 Julle sien, hy was 'n Ortodokse, 'n Joodse gelowige. En dit het gekom dat daar in daardie dag, 'n gerug was van 'n Nasareense Profeet, Een genaamd Jesus van Násaret, wat aanspraak gemaak is om die seun te wees van Josef, 'n skrynwerker.

42 En dit moes baie vreemd gewees het hoe die mense gevoel het in daardie dae, dat 'n Man Wat gekom het met 'n bonatuurlike bediening, wat absoluut teenstrydig was met die Joodse geloof. Hulle het nie in so-iets geglo nie, hulle het gedink al die dae van hierdie dinge het verbygegaan saam met Moses, baie jare gelede, en nie geestelik genoeg gesind om te weet dat God dieselfde bly, en dat hulle by 'n kruispad van tyd was nie.

43 So dit moes baie moeilik vir hom gewees het, want hy het geglo wat sy priester gesê het, en is deur die kerk verbied om enige van sulke dienste by te woon wat hierdie Profeet gehou het. En daar was allerhande praatjies van hierdie Profeet.

44 En so, het hy 'n rustelose aand gehad, vir sy vrou, Rebekka, sy was 'n gelowige van hierdie Profeet. Sy het die dienste bygewoon, en sy het hom baie vreemde dinge vertel wat gebeur het, waaroor hy sy priester geraadpleeg het, gesê: "Nou, dis onsin. Dis net nie nodig om enigiets soos daardie te glo nie, Rebekka. Ons behoort aan een van die beste kerke wat daar in die land is, ons sinagoge is die grootste. En hier is ek, 'n sakeman van hierdie stad, my naam is Saggéüs, en ek besit die grootste restaurant wat daar in die stad is, en ek het die grootste besigheid, en ons is gerespekteerde mense. Daarom is dit nie eties vir my om my aansien te skaad deur myself te verneder in 'n groep soos een of ander fanatiese Profeet nie, soos jy Hom sou noem, Wat rondgaan, waarmee geeneen van die priesters of rabbi's enigiets te doen wil hê nie. En in my posisie as 'n sakeman, sou dit my besigheid seermaak as ek geassosieer word met so-iets. En Rebekka, dit sou beter vir jou wees as jy net ophou om hierdie *sogenaamde* Profeet te volg."

45 Dit het op Rebekka se hart gekom, so, julle sien, sy het begin bid vir Saggéüs. Hoewel hy as 'n sakeman, baie in die wêreld, en die kerkgeledere was, tog het sy gedink dat as hierdie Profeet is wat Hy gesê het hy is, die Seun van God, dat sy wou hê haar man moet in Hom glo. Dis 'n ware, egte vrou. Elke sakeman behoort daardie soort vrou te hê, wat vir hom sou bid. Moet hom nie kritiseer nie, bid net vir hom, dis die beste manier om hom by Christus te kry.

46 En julle weet daar's iets daaromtrent, wanneer jy werklik opreg vir iemand bid, julle weet, dit maak hulle soort van rusteloos. Ek weet nie of julle al ooit enige ondervinding daarvan gehad het of nie. Maar God begin beweeg in antwoord op gebed. Somtyds word 'n man meer knorrig as ooit, maar onthou net, God antwoord gebed, Hy weet hoe om dit te doen. 'n Man moet partymaal aan die einde van sy sinne kom voor hy sal herken, of miskien moet God hom op sy rug laat lê, siek, gekneus, totdat hy sal opkyk. Maar God het vreemde maniere om dinge te doen, maar Sy weë is altyd reg.

47 So Rebekka het vir haar dierbare, klein mannetjie, Saggéüs gebid. En heelnag lank het hy rondgedraai, en gerol, en gestruikel. Sien? God het Rebekka se gebed beantwoord. Ek wonder of daar enige Rebekka's hier is, wat ooit gebid het vir hulle sakeman eggenoot.

48 Toe, toe dit naby die oggend gekom het, het Rebekka soort van aan die slaap geraak, maar heelnag lank in haar hart, het sy gesê: "Dankie, Here, ek weet U werk met hom, ek kan net agterkom, hy het gesê . . . "

49 "Wat makeer, Saggéüs?" sou sy dikwels deur die nag sê.

"O, ek weet nie, dit moet my besigheid wees wat op my gedagte is." Sien, hy probeer net 'n bietjie ontsnap, dis al, dit

was God wat met hom gewerk het.

50 So soos die nag verbygegaan het, vroeg in die oggend het Rebekka soort van aan die slaap geraak. Vroeg in die oggend, het sy vir Saggéüs bo gekry, homself versorg. En hy gaan na die—na die . . .-kleed, en, klerekas liewer, en hy kry die beste kleed wat hy het en trek dit aan. Julle sien, daar sou 'n spesiale geleentheid in die stad wees daardie dag, Daar is gerugte versprei dat daardie Profeet daardie dag daardie stad sou besoek, en sou eet terwyl Hy daar was.

51 En Saggéüs was baie ontsteld, want Hy het oorgegaan na Mnr. Levinski se restaurant. "Wel, natuurlik, my restaurant is die beste, en as my vrou 'n volgeling van so 'n Kêrel is, waarom sou Hy nie daardie besigheid my kant toe bring nie?" Julle sien, hy was Joods en hy wou die besigheid hê.

52 En hy het geweet hierdie Profeet, *sogenaamd*, sou baie aandag trek, so daar moet wees, die besigheid het sy pad langs gekom. En hy was een van die groot sakemanne van die stad, so waarom sou hierdie Profeet nie sy pad langs kom, of, sy op pad verbygaan nie? So hy, daardie aand, na 'n rustelose nag, en baie drome van—van lyding, ensovoorts, het hy homself die volgende oggend baie mooi versorg, en Rebekka het haar kop onder die kombers uitgetrek en gesê: "Saggéüs, skat, waarheen gaan jy so vroeg?"

53 "O ek het gedink ek sal uitstap en 'n—'n bietjie vars lug kry." Julle weet julle kan baie verskonings vind wanneer daar oortuiging aan die gang is, ons weet dit almal. "Ek gaan net uit vir 'n bietjie vars lug." En hy sit die parfuum aan, en maak sy hare gereed, en, o, hy's net so goed versorg, en uit op die straat stap hy.

54 En Rebekka glip op, en lig die vensterblindings op, en kyk uit, sy sien vir Saggéüs heel regop, julle weet, soos 'n regte tipiese, goeie sakeman, wat in die straat afloop met die beste van sy klere aan, julle weet.

55 Sy gaan op haar knieë en sy sê: "Dierbare God, ek dank U, want ek glo dat U met my man deel, vandag. En nou, weet ons dat U dierbare Seun, alhoewel met die slegte naam wat Hy onder die mense het, as 'n fanatikus, en een of ander bose gees wat Hom besit, tog glo ek dat Hy U dierbare Seun is. En ek bid U, Dierbare God, dat U op een of ander manier my man sal hê, in Sy Teenwoordigheid," dis die manier om te bid: "en moenie dat hy krities wees nie, maar laat U dierbare Seun net iets doen wat my man sal oortuig dat Dit die Messias is." En sy het God daarvoor bedank en het met haar werk voortgegaan.

56 Kom ons volg Saggéüs vir 'n paar minute. Stap in die straat af, dis baie vroeg, nie baie mense uit nie, maar hy het gesê: "Jy weet, as daardie sekere Kêrel . . . Ek gaan Hom vandag ontmoet, en ek gaan Hom goed die waarheid vertel!" Julle weet oortuiging

werk soms so. En hy het gesê: "Ek sal Hom regsien! En Hy het my vrou haar kerk laat verlaat, wel, ek's een van die presbiters, so ek sê jou, ek—ek gaan Hom alles daarvan vertel, wanneer ek Hom sien. Wag net, ek sal Hom sê!" soos hy in die straat afloop, julle weet, goed versorg.

57 "En ek hoop dat wanneer ek daar staan, dat baie van my medewerkers daar staan, ek sou graag die rabbi naby wou laat staan, sodat hy kon sien waar ek staan. En ek wil hulle laat weet, dat ek nie in sulke fanatisisme glo nie, so ek sal afgaan . . . Hy sal sekerlik by die suidelike poort ingaan, want Hy was in Galiléa, en Hy sal hiernatoe kom, so ek sal afgaan na die poort toe en Hom ontmoet. Net daar wanneer Hy by die poort ingaan, gaan ek Hom goed die waarheid vertel wanneer ek daar kom." Nie geweet dat Rebekka dit alles bedek het met gebed nie, julle sien.

58 So wanneer hy afkom, begin hy 'n geraas hoor, en probeer hy 'n bietjie nader kom. En toe hy dit doen, vind hy oral by die hek, mense aan die heining, en teen die mure hang, en wel, hy kon glad nie eers naby kom nie. En toe het almal saamgedrom, en die—die polisie wat die mense probeer terughou: "Wat gaan hier aan?"

59 So hy het gesê: "Wel, ek reken miskien is ek nie die enigste een hieronder nie. En kyk net na die soort mense wat daar is wat egter hier staan, hierdie mense is die arm mense. Natuurlik weet julle, ek's net 'n sakeman, so ek—ek behoort nie met so-iets te assosieer nie, maar, in elk geval, ek sal myself hierbo by die hoek kry."

60 Wel, uitgevind hy was klein, net 'n klein outjie, so daar was soveel daar, hy kon nie bo-oor hulle koppe kyk nie.

61 En hy sou vir hom 'n weg baan deur almal, en: "Gaan uit die pad uit, ek is Saggéüs!" Julle weet partymaal kry mense daardie idee in hulle kop, jy's *iemand*. Wie is jy, in elk geval? Ses voet aarde. Wanneer jy sterf, het jy 'n siel, en daardie siel gaan óf sy reis boontoe onderneem, óf ondertoe. En dit gaan bepaal op die manier wat jy Christus aanvaar: Weier Hom, gaan jy af; ontvang Hom, gaan jy saam met Hom.

62 Maar julle is in elk geval nie veel nie, niemand van ons nie. Ek het by 'n museum gestaan hier nie lank gelede nie, en gekyk na twee seuns wat gegee het . . . op 'n kaartjie gekyk daar wat die werklike gewig van 'n honderd-en-vyftig pond man gesê het, en die waarde van daardie gewig. Weet julle hoeveel is julle werd as julle 'n honderd-en-vyftig pond weeg? Dis die manlike. Jy's vier-en-tagtig sent werd. Dis reg. Jy het net omtrent genoeg kalium in jou om, en genoeg kalsium, en net genoeg daar om 'n hen se nes te bestrooi. En vier-en-tagtig sent, en dan trek jy 'n vyfhonderd-dollar pelsjas daaraan, 'n hoed, 'n honderd-dollar pak klere, trek jou neus op, as dit sou reën sou jy verdrink, en dink dan jy's *iemand*. Wat is jy? Jy's vier-en-tagtig sent werd.

63 En jy sal na 'n restaurant toe gaan, en jy sal 'n bak sop optel, en dit 'n vlieg daarin het, sou jy dit *so* vinnig weier. [Broer Branham klap sy vingers—Red.] Ja, meneer. "Ek wil niks daarmee te doen hê nie. Wel, ek sal sien dat die koerant dit weet, die Kamer van Koophandel, wat, van die president van die restaurant, die eienaar, wat hy gedoen het." Sien, jy hou daardie vier-en-tagtig sent dop, jy sal niks gif daarin sit nie, maar laat die duiwel enigiets in daardie siel pak wat hy wil, en daardie siel is Ewig. Dis reg.

64 Net enige geloofsbelydenissie wat jy 'n paar gebede wil opsê, en 'n paar krale streel, of—of 'n sekere ding op 'n sekere manier doen, 'n sekere belofte maak, of. . . Sien hoe dit is? O, ho, ho! Satan is 'n beter sakeman as wat jy ooit sal wees. Dis reg. Maar ek wil vir julle iets vra. . . Dan wanneer julle, ons voel dat ons iemand is, dis wanneer ons niks is nie.

65 So hy, toe hy daar gestaan het, het hy daardie minderwaardigheiskompleks begin kry, hy het gesê: "Ek weet wat ek sal doen. Ek weet waar Hy gaan verbygaan, want Hy gaan oor na Levinski se restaurant, en moet dan met die straat Reguit afkom net nadat hy Hallelujalaan hier verlaat. So ek gaan in die straat af genaamd Reguit, en daar sal ek vir Hom wag, want Hy moet daar verbygaan. En wanneer Hy verbygaan, daar sal ek vir Hom sê!"

66 So het hierdie klein, pronkende mannetjie die straat af geloop, met sy gesig rooi, want hy is nie gerespekteer as 'n sakeman nie, so hy het in die straat afgegaan. En hy gaan daar af na Noustraat, en hy staan op die hoek, goed versorg, wag, "Wag net tot Hy om die hoek van Hallelujalaan gaan, ek sal Hom sê soos Hy verbygaan!"

67 En hy wat daar staan, en hy onthou net: "Daardie selfde skare wat Hom by die poort ontmoet het, sal dubbeld wees teen die tyd wat dit hier kom, en ek sal net so klein hier wees as wat ek daaronder was, sodat ek nie in staat sal wees om Hom te sien nie, hulle sal net bo-oor my hardloop." Sien, God het 'n manier om dinge te doen; Hy het hom klein gemaak vir daardie doel. Sien?

68 Maar hy—hy het gesê: "Wel, in elk geval, jy weet, ek het net 'n goeie idee." En hy het net gestaan en kyk, en daar het 'n wildevyeboom daar gestaan. Nou, dis my natuurlike boom van Indiana, maar in daardie dae is dit genoem, dink ek, 'n olyfboom, of iets, was die regte naam daarvoor.

69 So hy het gesê: "Jy weet, die takke is soort van hoog, maar as ek daarbo in daardie boom kon kom, niemand sal my vertrap daarbo nie, en dan sou ek Hom sien wanneer Hy verbygaan. En sodra ek my oë op Hom lê, sal ek net daar besluit wat Hy is." Sien, Rebekka het steeds gebid, sien.

70 So Saggéüs het net gedink: “Maar ek is te kort om by die eerste tak te kom.” Dis hoe baie van ons raak, julle sien. “Ek skiet te kort vir die eerste tak.”

71 So, wel, as jy Hom wil sien, jy weet, sal God vir jou ’n weg maak om Hom te sien, dit mag belaglik wees, maar God sal vir jou ’n weg maak om Hom te sien. En, julle weet, dit . . . jy mag selfs na ’n Volle Evangelie Sakemanne se byeenkoms toe moet kom een oggend, baie belaglik vir jou aansien, maar as jy Hom wil sien, sal God vir jou ’n weg maak om Hom te sien.

72 Jy sê: “Ek hoor hulle hou ’n diens daaronder, en, o goeiste, hulle—hulle skree, hulle is . . . Julle weet, ek sal net ingaan, want ek glo dit nie regtig nie, maar ek sal net afgaan en kyk wat hulle doen by een van hierdie ontbyte,” julle sien. God sal vir jou ’n weg maak om dit te sien, goed.

73 En toe het klein Saggéüs ’n idee gekry. Verskoon my, ek’s op die punt om julle hier doof te maak, ek was gewoond om buite in stadions te preek, ensovoorts, so ek bedoel nie om op julle te skree nie, vriend.

74 Maar Saggéüs het ’n idee gekry, dat as hy by daardie eerste tak kon kom, daar niemand was wat so lank sou wees nie, so as Jesus in die straat afkom, sou hy sien hoe Hy lyk, en dan sou hy sy idee vorm van wat Hy is, dan, as hy nie van Hom hou nie, sou hy Hom uitsorteer, daar reg uit die boom uit.

75 So dan, hoe gaan hy nou teen hierdie boom opkom? Is die volgende ding. So die vullisverwyderaar het nog nie verbygekom nie, en daar was ’n vullisdrom wat op die hoek gestaan het. “Wel,” het hy gedink: “dit sou belaglik wees, maar dis omtrent die beste manier om die eerste tak te tref.” So hy het oral rondgekyk om seker te maak dat daar niemand was nie, hy gaan af na die vullisdrom, en hy probeer dit oplig, en die versamelaar was nog nie daar nie, julle weet, so dit was vol. Maar dis die enigste ding in sig, so hy sal dit moet gebruik. Wel, hy het sy beste kleed aan. Nou wat gaan hy doen?

76 Wel, julle weet, as God vasbeslote is vir jou om Hom te sien, sal jy Hom in elk geval sien, maak nie saak waardeur jy moet gaan nie. As daar iets daar is wat trek, mag jy intellektueel oorywerig wees, een ding dink, maar God is hieronder aan die werk in die hart; Rebekka het gebid. Dis wat daardie geloof gisteraand gemaak het, sien, gebid het.

77 So hy dink: “Wel daar’s net een ding om te doen, dis om hierdie vullisdrom in my arms te kry.” En hy sak af, sakeman, kry die vullisdrom beet, en hier kom hy, en hy kyk rond, as dit nie Levinski self is, met meer van hulle wat na hom kyk nie. Net soos hy na die ontbyt toe gegaan het, hy het toevallig oorkant toe gekyk, daar’s Jones wat daar sit. Goeiste, hoe God op ’n man kan beweeg wanneer sy vrou vir hom sal bid, of andersom! Hy mag

'n grootkop in die stad wees, maar God weet hoe om hom 'n klein niksnut te maak. Gebed doen dit.

78 So hy kry die vullisdrom, en hy kyk, sy gesiggie word rooi, hy kyk *hiernatoe*, hier's die skoenman, hier's die man wat die kleed verkoop. Hy, o goeiste, hy's nou gevang, so hy kan net sowel voortgaan.

79 So, party van hulle het gesê: "Het julle opgelet, manne, vanmôre, daar's Saggéüs by daardie ontbyt," ek bedoel: "by die. . .met die vullisdrom in sy hand?"

80 En hier gaan hy, en hy gaan af na die boom, en sy gesig is rooi, hy's alreeds betrap in die daad, en so is dit nie nodig om op te staan, en nou uit te gaan nie; jy is klaar bekend, jy is hier. As jy in 'n diens kom, as jy opstaan, dit net, wys dit jy was alreeds daar, so daar's iets wat beweeg.

81 So soos hy die blik oplig, en hardloop soontoe en dit neersit, en kyk nou na sy mooi kleed, vol vullis, die sakeman van die stad, besondere sakeman. Goed, die eerste ding wat hy dan doen, is om bo-op dit te klim.

82 Levinski-hulle gaan verder in die straat af, wat sê: "Jy weet, ons vriend Saggéüs, hy bestuur die beroemde restaurant daaronder by Grouchlaan," sien: "hy—hy het ook die versamelaar geword, hy's die vullisverwydering van die stad." O, sy gesiggie het gebrand, o goeiste, sy regverdige verontwaardiging het opgekom.

83 "Miskien behoort ons vir Rabbi te sê dat hy het. . . " (Die dokter, jy weet, Ph.D.) "dat hy het. . .een van die lidmate van sy kerk het die versamelaar van vullis geword, in daardie groot aristokratiese kerk, waarnatoe hy gaan." Sien?

84 En so, nadat hulle verby was, kom klein Saggéüs bo-op die vullisdrom, en hy kan steeds nie die tak bereik nie. Nou is hy in 'n vreeslike plek, so hy skarrel net in die boom op. Wel, ek weet nie of julle weet wat "skarrel bo in die boom" beteken nie, dis 'n suidelike uitdrukking. Klim op haar, kry dit beet, trek net op.

85 En so kom hy by die eerste tak, en hy kyk hier oorkant, daar sit hy. En as dit nie 'n goeie blik is op 'n—op 'n—'n man nie, sakeman van die stad, met sy kleed vol vullis, hande vol splinters, wat in 'n boom ingaan om te kyk na 'n holy-roller Prediker wat verbykom! Julle kan julle voorstel watter soort. . .

86 O, ja, dis wat Hy geag is, Iemand wat 'n duiwel genoem word, 'n Beëlsebub, 'n Galileër; wat 'n slegte naam gehad het om mee te begin, gebore as 'n buite-egtelike kind, soos hulle gedink het. Sien, die—die wêreld ken Hom nooit, broers, hulle weet dit nog nie, hulle dink ons is mal, hulle het Hom nog net nie ontmoet nie, dis al.

87 So soos hy daarbo sit, kruisbene, heen-en-weer op hierdie tak swaai, nou, as dit nie 'n mooi prentjie is nie: 'n man van sy aansien

in die stad, die vullisdrom, die vlieë oral rond, nou is daar vlieë op Saggéüs. En hier sit hy hierbo, vol vullis en stank, splinters in sy hande, almal om een of ander fanatiese Profeet van Galiléa te sien, wat 'n Profeet genoem word, sy eie kerk daarteen, maar, julle sien, Rebekka het steeds gebid, dis wat dit doen.

88 So hy dink: "Nou wag, as ek hier sit, mag Hy my sien. En weet julle wat? Ek onthou net dat Rebekka vir my gesê het dat daardie Man die gedagtes van die verstand kan onderskei. Weet jy wat? Ek sal vir Hom wegkruip." So hy gaan net 'n bietjie hoër in die boom op, en hy vind waar daar twee takke bymekaarkom; wat 'n goeie plek maak om te sit, dis 'n goeie plek vir ons almal om te sit, waar twee paaie ontmoet: joune en God s'n. Dis waar die besluit gemaak moet word.

89 So hy gaan sit op hierdie tak, en hy het gesê: "Nou, wag 'n bietjie, as hierdie Galilése Profeet . . . Nou, wanneer ek teruggaan huis toe, sal Rebekka sê: 'Het jy Hom gesien, soos Hy het vir Filippus, of Hy het vir Petrus, of Hy—Hy het vir sommige van die res van hulle, hoe Hy kon uitkyk in die gehoor en onderskei wat hulle gedoen het, of hulle gedagtes?'

90 "So seker, ek wat hier reg voor Hom sit, Hy mag werklik opkyk, hierdie olyfboom is nie te hoog nie, en wat as Hy my dalk hierbo sou sien sit? Wel, sekerlik sou Hy na my kyk. Maar, en dan weer, wat as Levinski my dalk hierbo sou sien, en dan kom hulle almal om die boom en wys hulle vinger na my? Nou, sou dit nie iets wees nie? So die beste ding vir my om te doen, is om myself te vermom."

91 So hy kry die takke, en hy trek hulle oral om hom, bedek homself soos 'n goeie kameelperd, niemand kan hom sien nie, en hy los net een blaartjie, sodat hy dit kon oplig soos *hierdie*, uitkyk. En daardie blaartjie, hy . . . Daar's niemand wat hom kan sien nie, die boomtakke is oral om hom getrek, en hy, klein kêreltjie wat agter teen die stomp van hierdie boom sit, takke reg rondom hom, die blare oral om hom, met 'n blaartjie, kon hy opstaan en kyk. Hy het gesê: "Nou hulle sal nooit weet nie. Niemand sal my ooit hier sien nie, ek's regtig weggesteek." Moenie bekommerd wees nie, Iemand weet waar jy is.

92 En soos hy 'n paar minute daar sit en mediteer, en die vlieë wat weer op hom kom, en hy hoor toevallig 'n geraas, het hy gesê: "Hy moet kom." Daar's gewoonlik 'n geraas waar Hy daar is, julle weet dit; Hy hoor altyd. Sien? Hmm!

93 Julle weet, in die ou tempel, toe die priester gesalf is en in die—die tempel ingegaan het, op sy, Aäron, op sy kleed, was 'n spesiaal gemaakte kleed, en daar was 'n klokkie en 'n granaat, en dit het 'n sekere soort loop vereis, dat as hy geloop het, het hierdie klere, die klokke en die granaat, gespeel: "Heilig, heilig, heilig, is die Here," soos hy geloop het. En die enigste manier

wat die gehoor geweet het dat hy steeds lewendig was, was deur hierdie geraas. Ek wonder soms!

94 Bangor behoort te weet dat iemand lewendig is hierrond, en dit word ook geken aan jou wandel: Heilig, heilig, heilig is die Here! Die geraas gee lof en eer. Ons is hoëpriesters wat geestelike offers bring, die vrugte van ons lippe wat Sy Naam vereer, dis wat ons is. Die vrugte van ons lippe vereer Sy Naam.

95 Toe, toe Hy om die hoek gekom het, was dit daar, die groot geraas. En hy lig sy blaartjie op om te sien, hy het gesê: "Niemand sal my ooit hier sien nie."

96 So hy kyk om die hoek, en hy het opgelet, om die hoek gestoot, het 'n yslike groot man gekom, gestoot, "Ek's jammer, jy sal uit die pad moet staan."

Twee of drie manne agter hom: "Ek's jammer, die Meester is op Sy pad na Sy ontbyt vanmôre, en ons—ons kan nie onderbreek nie, jammer. Staan terug."

97 Hy het gesê: "Dit moet die beskrywing wees van die kêrel genaamd Petrus, daardie man wat Hy gesê het wie hy was, sy vader. Dit moet hy wees wat daar in die leiding is, die mense terugstoot."

98 En net toe, het klein Saggéüs oorkant toe gekyk, en daar het een van sy—van sy klante gestaan: "Wel," het hy gesê: "hulle het daardie kind hierbuite vanmôre, terwyl ek weet dat die dokter gesê het, twee dae gelede, dat daardie kind sterwend was. As hulle daardie kind sou beweeg in hierdie vroeë oggend lug, sou dit dood wees, hulle kan dit nie doen nie! Hoe fanaties kan mense raak? En daar het die vader en moeder gestaan met hierdie koorsige baba opgerol in 'n kombers, en die dokter het gesê in my restaurant, nou die dag toe ek gevra het oor daardie baba, dat hy sterwend is, en dis ernstig, met 'n siekte wat net 'n bietjie lugversorging dit sou doodmaak, oombliklik. En hier is daardie vader en moeder so opgewerk deur hierdie fanatiese Prediker, dat hulle daardie baba teen die dokter se reëls uitgebring het op die straat.

99 "En kyk nou, hulle word teruggedruk. Daardie twaalf manne saam met Hom, moet die een wees wat Hom beskerm, en Hom weghou van die skares af, dis wat Rebekka gesê het. Wel, ek sê jou, daardie man behoort in die tronk gesit te word omdat hy daardie baba uitgeneem het."

100 Meteens neem die getroue, vadertjie die baba in sy arms, en die pragtige, moedertjie hardloop reguit aan uit in die straat, en val amper op haar knieë.

Hierdie groot man Petrus, sagmoedig, sê: "Suster, skat, ons is so jammer, ons Meester kan net soveel verduur."

"Maar, o, liewe meneer, my baba is sterwend! Dit het net 'n paar minute oor om te lewe, en ek glo dat een Woord van jou Meester die hele verloop sal verander."

101 Saggéüs het die blaar nog bietjie hoër opgetel, gesê: "Wat is dit?"

102 "Net een Woord!" [Leë kol op band—Red.]. . .Hy weet daarvan. Nie eens 'n mossie kan in die straat val nie, Hy weet dit. Hy ken julle gebede vir hierdie diens. Hy ken almal wat al heengegaan het. Hy's lieflik, goedhartig, liefdevol.

103 En Hy het gestop, soos Hy het vir blinde Bartiméüs, net 'n paar uur later by die hek uit. Hy kon nie Bartiméüs se uitroep gehoor het nie, daar was te veel mense wat geskree het, aangegaan het, sy geloof het Hom aangeraak.

104 Hy het gestop en omgedraai en teruggekyk, en Hy het gesê: "Dogter, neem jou baba terug huis toe, want jou geloof het die baba gered."

105 En ek kan vir Saggeüs sien: "Het jy al ooit so 'n fanatisisme soos daardie gehoor?"

106 En op daardie tydstip het die vader, ook, sy hande opgesteek, en hy het gesê: "Prys die lewende God! Ek glo en aanvaar my baba se genesing net nou!" Het die baba se kombersie afgehaal, haar in die straat neergesit, en 'n klein, ses- of agt-jaar-oue meisietjie begin in die straat afgaan en oor die tou spring; dit was Jesus.

107 Saggéüs het gesê: "Dis ongelooflik! Weet julle wat, ek het net besluit ek moet liewer my groot mond toehou. Miskien was ek verkeerd. Wel, ek wil beslis nie hê Hy moet my sien nie." So hy tel weer sy blaartjie op, sê: "Wonder of Hy naby is." En hy kyk af. Hier kom Hy reg onder die boom, en Hy het gestop. Saggéüs het gesê: "Hoe bly is ek dat Hy my nie kan sien nie!"

108 En Hy het gestop, Hy het opgekyk in die boom, gesê: "Saggéüs, kom daaruit, kom af; Ek gaan vandag saam met jou huis toe vir middagete." Het nie eens geweet. . .nie net geweet hy was daarbo nie, Hy het geweet wie hy was.

109 Ek reken al die dae van sy lewe was hy bly dat hy na daardie plek toe gegaan het waar Jesus daar sou verbygaan. Hy het 'n lid geword van die Volle Evangelie Sakemanne se Vereniging van Jérigo; ek is bly om 'n lidmaat van dieselfde te wees.

110 Hy was nooit weer dieselfde daarna nie. Rebekka is beloon vir haar gebede: Haar man is daardie dag gered, en Jesus het middagete by haar huis geëet. "Ek moet vandag saam met jou huis toe gaan," het Hy gesê.

111 En vriend, Hy kan saam met jou ook huis toe gaan. Daar mag 'n Saggéüs hier sit, ek weet nie, Hy weet. As jy probeer wegkruip het agter iets, om regtig te keer om jou ware belydenis te maak en Christus, die Heilige Gees, in jou hart te ontvang, Hy weet net

waar jy is, en Hy praat net nou met jou. Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik.

112 Dierbare God, iets ongewoons het my getref op daardie tyd, ek het gevoel, ek hoef dit nie uit te druk nie, Here, nie vir hierdie mense om te hoor nie, ek sou 'n skynheilige wees, maar ek het nie my storie voltooi nie, dit het gelyk asof hierdie die tyd moet wees. Miskien is daar 'n Saggéüs hier van 'n man of 'n vrou wat U pas met hulle hart gepraat het: "Ek wil vandag saam met jou ook huis toe gaan."

113 U het hulle hier kry sit aan tafel, hulle het gehoor dat U vanmôre hier sou verbygaan, en hulle het afgeglip. O Here God, mag hulle wees soos Saggéüs, afklim uit die boom uit, en sê: "Here God, as ek enigiets verkeerd gedoen het, sal ek dit regmaak." As hulle die kerk verwaarloos het, as hulle hulle gebed versuim het, as hulle die plig nagelaat het as 'n Christen, of as 'n gelowige, of 'n kerklidmaat, as hulle versuim het om die Heilige Gees te ontvang, U te nooi, klop U aan hulle hart vanmôre.

114 Skenk, Here, dat net nou, dat so 'n persoon die kameelperdjie sal terugbeweeg, en reguit uit in die oopte sal glip, sê: "Here gaan huis toe saam met my vandag en vertoef by my. Ek wil U ondertoe neem . . . Miskien word my biddende vrou se gebede beantwoord, of my biduur man, of moeder. Die gebede is beantwoord, Here, U het my net hier by hierdie tafel gevind. Ek wil hê U moet weet, Here, dat ek herken Dis U. Ek steek my hand op na U, en vra om genade."

115 En terwyl ons ons hoofde gebuig het, en elke persoon biddend is, reg onder in jou hart, wil ek hê jy moet nou eerlik wees, as julle my ontvang as julle broer, dieselfde Heilige Gees Wat weet van die gedagtes van elke hart, is nou hier. Hy ken jou hart, en iets het my gestop in my Boodskap, gesê: "Hierdie is die uur." Hy het met iemand gepraat. Moet niemand julle kop hier oplig nie, ons het die sustertjie om te speel.

116 Maar ek wil hê julle, as julle in julle hart gevoel het, julle hier wat voel dat God aan julle hart geklop het: "Wy julle lewe toe," is daar iets, miskien, wat jy Hom nie as jou Verlosser ontvang het nie, sal jy net jou hand opsteek? Sê: "Dis ek, Here." Wees eerlik met God. God seën jou. Iemand anders? Die Here seën jou. God seën jou. Iemand anders?

117 Goed. Hy klop. Wil jy saam met Hom huis toe gaan? Wil jy Hom saam met jou huis toe neem? Gaan jy steeds sê: "Wel, ons het Hom gevind," maar jy weier om af te kom uit die boom uit? Kan julle dit doen? Wil julle nie saam met Hom huis toe gaan nie?

118 Jy sal wil hê Hy moet na jou sterfbed toe gaan. Jy kan Hom weier vanmôre, en Hy sou nie daar wees by die sterfbed nie; jy kan die Gees van God bedroef. God seën jou. Iemand anders nou?

119 Jy sê: "Wat doen dit, Broer Branham, as ek my hand opsteek?"

120 Wel, dit verander dood na Lewe. Jy breek elke wetenskaplike reël wanneer jy jou hand opsteek. God seën jou, suster. Wetenskap sê dat jou hand moet afhang, swaartekrag hou dit onder, maar daar's 'n Gees rondom jou en een binne-in jou. Die Gees rondom jou is die Heilige Gees, en Hy sê vir jou: "Jy's verkeerd. Jy bely om 'n Christen te wees met al hierdie boosheid in jou hart, soos Saggéüs, hy het gedink hy was 'n gelowige. Jy het die dienste gekritiseer, jy het hulle in die eerste plek nie geglo nie. Nou praat ek met jou: Kind, aanvaar My."

121 En julle wat toe julle hand opgesteek het, wat die wette van swaartekrag breek, steek julle hand op, die gees in jou het 'n besluit geneem: "Ek wil Jesus hê. Ek gee nie om wat dit my kos nie. As ek my aansien en alles moet verloor, as ek myself verloor, sal ek dit vind, Here, in U. Ek steek my hand op, God, hier is dit. Ek het bely as 'n Christen, maar ek het humeur, en boosheid, en alles in my hart gehad, neem dit uit, Here, sal U nie? U het my hier aan die tafel gevind soos U vir Saggéüs teen die boom op het." Sal jy jou hand opsteek?

122 Vier of vyf het hulle hande opgesteek, maar daar is nog een teenwoordig. God praat nou net.

123 As jy glo dat ek Sy dienskneg is . . . Nog een oor. God seën jou, liewe suster. Goed. Die besluit is joune. Jesus kon nie bo in die boom kom en hom uitstoot nie, hy moes uitkom op sy eie.

En ons hou aan bid:

124 Here God, die Skepper van Hemel en aarde, die Outeur van Ewige Lewe, en die Gewer van alle goeie gawes, U Heilige Gees is die Gawe wat Christus vir ons gestuur het, en ons het Hom lief. Hy is ons herder, en ons sal dit nie wil hê nie. En ons is so bly dat Hy ons lei na waters waar rus is, en ons siel verkwik. Hy plant ons langs die waterstrome, en die blaar sal nie verwelk nie, selfs in die dood sal die blaar nie verwelk nie: "Want as hierdie aardse tentwoning afgebreek word, het ons alreeds een wat wag." Niks kan dit verdroog nie, ons het Ewige Lewe, God se Eie Lewe wat in ons woon deur die Heilige Gees, wat nie kan vergaan nie, Dit moet opgerig word soos Christus dit belowe het.

125 En ek bid nou, dat U uitermatig, oorvloediglik sal seën, diegene wat hulle hande opgesteek het, en vir hulle wat dit moes gedoen het, en nie het nie. En ek bid, God, dat hierdie Gees van liefde onder die broers en susters, dat dit nooit sal sterf nie, dit altyd lewendig sal wees onder hulle, Here, en die verskille sal almal onder die Bloed wees, en daardie gemeenskap sal bestaan totdat Jesus kom, en ons saam vermeng sal word as een groot Liggaam. Skenk dit, Vader.

126 Seën diegene wat hier is wat siek is, soos ek nou weet hulle is, om hulp van U te soek, hulle te laat weet dat dit wat met hulle praat die Heilige Gees is, Hy is die Geneser van al ons siekte. En ons bid dat Hy nou elke siekte sal genees wat onder ons is, sal

wegneem die swakheid, die siektes van die liggame van daardie pelgrims en vreemdelinge vir die wêreld, U Eie dierbare kinders. Skenk dit, Vader.

127 Mag, wanneer ons hiervandaan gaan vanmôre, mag ons gelukkig, verheug, genees en gesond gaan, vernuwe in ons geeste en hart. Ons kan na die verskillende hoeke toe gaan, en getuig by die gasstasies en wat nog: Jesus bly dieselfde Here. Skenk dit, Here.

128 Seën die predikers hier vanmôre, ook, die sakemanne, mag hulle besigheid vooruitgaan. Laat ons almal weet dat die mees, en grootste besigheid, wat die behoefte vandag het, die besigheid van ons Vader, God is, mag ons besig wees met Sy sake as Sy liewe kinders, onsself gedra as Christenhere en Christendames. Skenk dit, Vader. Want ons vra dit, in Jesus' Naam, U Seun. Amen.

129 Voel julle baie goed? Het ek nog vyf minute? Is julle baie haastig? Ek wil net vir julle iets sê. Die rede waarom ek vandag in hierdie Volle Evangelie geledere is, is omdat ek dit glo. Ek glo dat ons liggame uit die stof van die aarde gekom het; ons is almal bewus daarvan, die Bybel sê dit eers, wetenskap bewys dit. Ons is gemaak van sestien elemente van die aarde: petroleum, kalium, kosmiese lig, sovoorts, atome. Dan as dit so is, wanneer hierdie wêreld niks anders as 'n bleikmiddel was nie, het ons liggame op hierdie aarde gelê. Net 'n bietjie aanmoediging vir jou.

130 Mense dink ek's 'n mistieke en 'n isolasionis, maar ek is nie, ek's julle broer wat julle liefhet. Ek wil graag saam met jou huis toe gaan vir middagete, regtig 'n bietjie gemeenskap hê, daar's 'n kamertjie daarbo wat vir my wag, ek kan nie 'n dienskneg van God wees, en 'n dienskneg van die mens terselfdertyd nie, Ek moet gedeeltelik by myself bly, bid. En net oorkant die rivier daar oorkant, dan sal Ek met julle wees. Dis later as wat ons dink, ons moet die Saad in die aarde inkry.

131 Toe ek Finland verlaat het, 'n tyd gelede net na die Eerste Oorlog, of, die laaste wêreldoorlog, was hulle daarbuite besig om mans en vroue te bind, gehaak in harnasse, klein kindertjies wat vooruit hardloop en die lantern dra in die nag, en hulle het die grond gekrap. As hulle nie die oppervlak op een of ander manier breek nie, daardie saad daarin kry nie, sal hulle almal die volgende jaar honger ly. Hulle moet dit inkry voor die sneeu kom, hulle moet dit inkry, daar's geen nag nie, hulle kan geen tyd stop nie, lanterns. Hulle kon nie traktaatjies gebruik nie, hulle het niks gehad nie, hulle het die vroue met harnasse op hulle gesit om die ploeg te trek, net om die grond te krap, die manne reg agter, moet die saad inkry, of daar sal geen oes wees nie.

132 Broers, susters, dis later as wat julle dink, ons moet die grond op een of ander manier krap, daar's geen stop dag en nag nie, ons moet die Saad, die Woord, in die—in die harte van die mense kry,

ons nie, sal daar geen oes wees nie, dis van die aarde af wat dit kom van . . . 

58-0517B Saggéüs
Onbekend
Bangor, Maine V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org